



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-08-14

Liewe Ouers

KONSERT

U sal eersdaags inligting i.v.m. kostuums, reëlins, tye, ens. ontvang. Dagboek asb. by voorbaat **Maandag 14 September** (kleedrepetisie- geen ouers), **Dinsdag 15 September** en **Donderdag 17 September** (konsertaande).

Die koste vir die konsert beloop **R150-00 per kleuter**. Dit sluit die maak van kostuums, klank, beligting en dekor in. Betalings moet asb. voor of op **Vrydag 4 September** op die D6-toepassing gedoen word. Ouers het ook die opsie om dit te EFT in die Laerskool se rekening met verwysing: *KL Konsert en kind se naam*. Bewys van betaling moet asb per e-pos na die sekretaresse by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za gestuur word.

Elke kleuter moet ook asb. 'n **plastiekhanger** met die **kleuter se naam en klas** (bv. Bere, Visse, Eende, Hasies, Bye, Skoenlappers, Besies, Miertjies of Naaldekokers) daarop vasgeplak, skool toe stuur. Ons sal dit ná die konsert weer terug stuur. Geen "baba-hangers" nie, asb. Daar moet ook plek wees om 'n broek op die hanger te kan hang (indien nodig).

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:

BESOEDELING

Ons persepsies is:

Getal: **8, ag en agste**
Klank: **w-klank**

Assessering:

Tel terug van 8 tot 0
Tel in twee's tot 10
Dramatisering

Maandag	17 Augustus:	<i>Bring prente wat met 'n w-klankie begin</i>
Dinsdag	18 Augustus:	Ons maak 'n seekat met 8 tentakels
Woensdag	19 Augustus:	Ons oefen die w-klankie
Donderdag	20 Augustus:	Ek skep 'n prent oor besoedeling
Vrydag	21 Augustus:	Trek skoolhempies aan en lekkertjedag

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:

PADVEILIGHEID en VERVOER

Ons persepsies is:

Getal: **5**
Klank: **f-klank**
Kleur: **Oranje**
Vorm: **Hart**

Maandag	17 Augustus:	Ons maak 'n lugballon
Dinsdag	18 Augustus:	Ons teken 'n mantekening
Woensdag	19 Augustus:	Ons leer meer oor padtekens
Donderdag	20 Augustus:	Ons maak 'n voetoorgang
Vrydag	21 Augustus:	Bak-en-Brou: 'n Resieskar

Geniet die naweek

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

OMSENDSKRYWE 21 VAN 2025

Lochnerhof se 70 JAAR KOOKBOEK is Hier!

Vier 70 jaar van Lochie-trots met smake wat generasies verbind.

Ons spesiale 70ste bestaansjaar Kookboek is propvol geliefde resepte uit die kombuise van ons personeel en die Lochie-gemeenskap. Van tradisionele gunstelingte tot heerlike hoofgeregte en nageregte - hierdie kookboek is nie net 'n versameling resepte nie, maar ook 'n kosbare aandenking wat leerders en families nog vir jare sal kan koester en na terugkyk.

- Meer as 100 geliefde resepte
- Persoonlike bydraes van ons Lochie-familie
- 'n Unieke aanbieding van ons 70ste bestaansjaar
- Die perfekte geskenk vir familie en vriende.

Slegs R200 PER BOEK

Laerskool Lochnerhof Kookboek
70 jaar van Lochie-Trots!

Betaling kan gemaak word via:

- D6
- EFT
- Kaart by Lize - Mari of Corna

GEEN KONTANT - SLEGS KAART

Besikbaar by die skoolkantore.

BEPERKTE VOORRAAD!

"W MOET-HÉ VIR ELKE LOCHIE-HUIS!"

ONDERSTEUN ONS SKOOL EN ONS LOCHIE-KULTUUR!

Lochnerhof Kookboek - 70 JAAR VAN LOCHIE-TROTS, EEN RESEP OP 'N SLAG.